BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 2/2021

1 April 2021

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die 1 April 2021 BenguFarm opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy geweet?**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

Daar is die afgelope drie maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v1 April 2021) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuwe weergawe te installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v1 April 2021) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die 1 April 2021 weergawe van BenguFarm MOBILE vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

Wat is nuut in die 1 April 2021 opgradering?

All modules:

- Belangrik: Nuwe verslag, "Geboortes", bygevoeg [Verslae > Dekkings, Dragtighede en Kalwings > Geboortes]. Die primêre doel met hierdie verslag is om 'n aan die einde van 'n kalf/lamseisoen 'n verslag te skep van alle kalwers/lammers gebore gedurende die seisoen.
- Belangrik: Nuwe verslag "Log van Aktiwiteite Aangeteken" bygevoeg [Verslae > Administrasie > Log van Aktiwiteite Aangeteken]. Die doel met hierdie verslag is om 'n opsomming te gee van ALLES wat in 'n sekere tydperk in die program aangeteken, ingetrek en gestuur is. Dit sal, veral vir eienaars wat nie elke dag op die plaas is nie, 'n verslag gee van alles wat vir 'n sekere tydperk, byvoorbeeld vir die afgelope maand, op BenguFarm gedoen is.
- Belangrik: Hoofskerm > Kudde Uitleg > Dragtigheid afdeling > Verwagte Kalf/Lamdatum: Indien die verwagte kalfdatum meer as 14 dae reeds verby is, word die verwagte kalfdatum in rooi verlig ("highlight") om jou te waarsku.
- Belangrik: Hoofskerm > Dier Uitleg > Algemeen: Die kudde waarin die dier is asook die datum en rede geskuif (indien van toepassing) bygevoeg. Dit is handig as jy in die "ALL" kudde werk om vinnig na te gaan in watter kudde 'n dier is.
- Belangrik: Dagboek en Bestuurskalender > Bestuurskalender: 'n Kategorie Voorraad naby Verval is bygevoeg om waarskuwings te gee wanneer 'n sekere besending entstof of medisyne wat opgestel is in die voorraad register, naby die vervaldatum is.
- Belangrik: Op alle aantekenskerms word die aantal rekords op skerm asook die aantal gekies links onderaan die skerm vertoon.
- Belangrik: Op sekere verslae (waar dit ontbreek het), word die aantal diere (en, waar van toepassing, die aantal rekords) in die verslag onderaan die verslag vertoon.
- Belangrik: Genomiese resultate:
    - Kan nou op My Verslae vertoon word (slegs resultaat) – sien afdeling Genomiese Toetsing.
    - 'n Verwysing veld is bygevoeg (aantekenskerm, hoofskerm en My Verslae).
- Kudde Verskuiwings verslag: Opsie bygevoeg om spesifieke dier(e) te kies vir verslag.
- Sinchronisasie aantekenskerm, -opkykskerm en -verslag: Koste per Dier veld bygevoeg. Word ook op Inkomste- en Uitgawe verslag vertoon.
- Skuif Diere na 'n Ander Kudde aantekenskerm: Slegs aktiewe diere word by verstek gelys.
- Voerkraal Bestuurder > Aankope: Indien diergewig sowel as prys/kg ingevoer word, word die prys outomaties bereken.
- Verkope, Vrektes en Uitskotte verslag: 'n Opsie om kalwers wat by geboorte dood is (aborsies, doodgebore, gesterf by geboorte, gesterf na geboorte) in te sluit in die verslag, is bygevoeg.
- My Verslae:
    - Verslag kolomme > Moerder Inligting: Aantal kalwers bygevoeg.
    - Verslag kolomme > Laaste Gewigte en Eienskappe: Vorige gewig bygevoeg.
- Unistel DNA Diensaanvraagvorm opgedateer met die nuutste pryse.
- Inentings verslag skerm: Opsie bygevoeg om diere te kies volgens enige groep, bv. kalfseisoen, bestuursgroep, kamp.
- Weeglys verslag: Plek om Weegdatum in te skryf meer prominent gemaak.
- Aankope skerm: Veld Prys/kg bygvoeg. Indien Prys/kg ingevul en gewigte ingelees, word inkomste per dier outomaties bereken.
- Inteel Berekening vir Beplande Parings skerm: Kies kolom en Koppel Diere aan 'n Groep funksie bygevoeg.
- Koppel Diere aan 'n Groep funksie bygevoeg op talle aantekenskerms en enkele verslagskerms.
- Gewigte en Toenames verslag opsies: Kan nou gewigtipe wat ingesluit / uitgesluit moet word, kies.
- Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm:
    - Indien daar een of meer diere is met 'n EID op rekord, sal 'n waarskuwing verskyn met opsies om die EID te verwyder (aanbeveel) of dit te behou.
    - Die veld Uitslag % bygevoeg by die Multi Verander / Voeg Nuwe By gedeelte.

- Verse en Koeie Gekalf / Nog nie Gekalf nie verslag asook Geboortes verslag: Opsie bygevoeg om Gemak van Kalwing, Kalfstatus en Geboortestatus kodes en beskrywings te druk.

Beef en Sheep & Goats modules:

- Belangrik: Trek data in vanaf APR500/600 EID-leser: Opsie "Merk kalwers/lammer met EID = [_____] as onaktief" bygevoeg. Hierdie funksie stel jou in staat om een EID uit te hou waarmee dooie kalwers/lammers geregistreer word. Met die intrek van sulke kalwing/lammings data vanaf die APR, sal sulke kalwers/lammers se status outomaties onaktief gemaak word en die EID sal *nie* saam met die dier gestoor word *nie*. Vir meer inligting oor die gebruik van hierdie funksie, sien die BenguFarm handleiding, Bylaag C > Aanteken van data op die APR500 / APR600 > Aantekening van Lammings > Aborsies, doodgebore lammers asook lammers wat dood is kort na geboorte.

Beef module:

- Dieropsomming verslag: Breedplan teelwaardes word nou, waar van toepassing, vertoon.

Sheep & Goats module:

- Belangrik: Intrek van lamming data vanaf APR EID leser: Die grootmaakstatus word nou by verstek geskep as dieselfde as die aantal lammers lewendig gebore van die betrokke ooi.
- Belangrik: Nuwe APR500/600 woltaak, kode 8034, bygevoeg waar, benewens wol- en bouvorm punte, ook kondisiepunte kan aangeteken.
- Teelkudde Seleksie verslag: Alle teelwaardes is nou beskikbaar om te kies as kriteria.
- Verskeie skaap- en bokrasse bygevoeg in die raslys.
- Dieropsomming verslag: Afdeling bygevoeg vir Volwasse Gewig inligting.

Game module:

- Horingmates Evaluasie verslag:
  - Vertoon Kamp (soortgelyk aan bloedlyn) opsie bygevoeg.
  - Kies Diere kolom by asook Koppel Diere aan Groep funksie bygevoeg.
- Opstellings > Eienskappe per Spesie: Verstek lys vir olifante bygevoeg.

Mobile toepassing ("app"):

- Kalwing/Lamming skerm: Waar van toepassing, kan die Pleegmoeder nou gekies word. Indien die Foster Dam veld nie sigbaar is nie, gaan op die hoof kieslys na Edit Tasks > Calving / Lambing en merk by die Foster Dam veld die Enabled knoppie en Stoor.
- View Animal > General skerm: Die Kamp en Bestuursgroep waarin die dier tans is, is bygevoeg.
- Mating skerm: By multi-bul/ram dekkings kan tot ses bulle/ramme nou gekies word. Indien jy nie meer as drie bulle/ramme kan kies nie, gaan op die hoofmenu na Edit Tasks > Mating en merk by Sire 4, Sire 5 en Sire 6 die Enabled knoppie en Stoor.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon of te laat bywoon deur jou personeel:

BEEF module:

- Inleidende kursus 4-5 Mei 2021, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 6-7 Mei 2021, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 18-19 Mei 2021, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 20-21 Mei 2021, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 8-9 Junie 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

- Gevorderde kursus 10-11 Junie 2021, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 6-7 Julie 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 8-9 Julie 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Inleidende kursus 27-28 Julie 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 29-30 Julie 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 3-4 Augustus 2021, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 5-6 Augustus 2021, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 4-5 Mei 2021, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 6-7 Mei 2021, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 18-19 Mei 2021, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 20-21 Mei 2021, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 6-7 Julie 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 8-9 Julie 2021, Howick. Aanbieding in Engels.
- Inleidende kursus 27-28 Julie 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 29-30 Julie 2021, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 17-18 Augustus 2021, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 19-20 Augustus 2021, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Kontak asseblief vir Leslie Bergh by 082 801 2026 indien jy belang stel om 'n opleidingskursus by te woon.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS, GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

BenguFarm het 'n **Voerkraal Bestuurder** funksie. Dit is 'n een-skerm funksie waar Bestuursperiode groepe geskep kan word, diere in 'n spesifieke kraal aan gekoppel kan word aan en, indien nodig, geskuif kan word tussen krale. Voer uitgesit en ander aktiwiteite kan aangeteken word. Individuele dierekords kan aangeteken word vir aankoop inligting, inentings, gesondheid inskrywings, gewigte en verkoop/slagdata. Per-dier berekeninge word gedoen vir gewigstoename, laaste twee GDTs, koste, inkomste en netto wins. Bestuursperiode groep opsommings word verskaf vir totale voerhoeveelhede, gemiddelde voeromsetverhouding, gemiddelde GDT, totale koste, inkomste en netto wins.

Om hierdie funksie te gebruik, gaan op die hoofskerm na Toevoegings > Voerkraal Bestuurder. Gebruik die Help funksie vir stap-vir-stap instruksies.

oooOOOooo